

**Instruksies:**

- Lees die vrae deeglik deur.
- Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.
- Laat 3 lyne oop en trek 'n lyn daarna.
- Trek 'n 3cm puntkantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
- Nommer jou antwoorde volgens die vraestel.

---

<b>Afdeling A:</b>	<b>Kortvrae</b>	<b>(20)</b>
<b>Afdeling B:</b>	<b>Vaardighede</b>	<b>(20)</b>
<b>Afdeling C:</b>	<b>Langvrae</b>	<b>(10)</b>

---

**Afdeling A: Kortvrae****Vraag 1****Beantwoord die volgende vrae:**

- 1.1 Die \_\_\_\_\_A\_\_\_\_\_ -rivier het die oostelike grens en die \_\_\_\_\_B\_\_\_\_\_ -rivier het die noordelike grens van die Britse Kolonie in Suid-Afrika gevorm. (2x½)
- 1.2 In watter jaar het die Britte die Kaapkolonie vir die tweede keer oorgeneem? (1)
- 1.3 Die Koranas het langs die Oranjerivier gebly. Waar het hulle oorspronklik vandaan gekom? (1)
- 1.4 Waar (watter stad) het die 1820-Britse Setlaars aan wal gegaan? (1)
- 1.5 Wat word die strategie genoem wat Maqoma in sy oorlogvoering met die Britte gebruik het? (1)
- 1.6 Waar het Maqoma gesterf? (1)
- 1.7 Wat was die persone genoem wat die Britse goewerneurs in die Oos-Kaap verteenwoordig het? (1)
- 1.8 Watter soort skape was teen 1855 baie gewild om mee te boer in die Oos-Kaap? (1)
- 1.9 In watter jaar was alle slawerny wêreldwyd verbied? (1)
- 1.10 Watter bekende sendeling het homself op Kuruman gevestig en 'n sendingstasie daar gestig? (1)
- (10)**

**Vraag 2****Wie sou die volgende stellings gemaak het:**

- 2.1 *Kom Mary, ons moet Afrika verken. Jou pa, Robert, sal baie trots op jou wees.* (1)
- 2.2 *Almal moet gelyk wees voor die reg. Julle Oos-Kaapse boere op die plase moet dit toepas en julle wat werk op die plase, moet dit weet. Ek stig nou somer die Katrivier-nedersetting wat vir die mense as 'n simbool van vryheid kan wees.* (1)
- 2.3 *My soldate het van 1811 tot 1812 die Xhosas, 8 000 van hulle, uit die Suurveld verdryf.* (1)
- 2.4 *My voorouers was 'n mengsel van Khoi en Hollanders.* (1)
- 2.5 *Ek dink ons moet dit oorweeg om die Kaap by die Hollanders oor te neem voordat die Britte dit kan doen. Ons is mos in 'n oorlog hier in Europa met hulle gewikkel en ons en hulle kompeteer tog om die meeste uit die handelsroetes te kry.* (1)

**(5)**

### Vraag 3

Is die volgende stellings waar of onwaar? Indien dit onwaar is, verskaf die korrekte weergawe van die stelling.

- 3.1 Daar was 8 gewelddadige grensoorloë aan die noordelike grens van die Britse kolonie. (1)
- 3.2 Wol was die grootste uitvoerprodukt uit die Oos-Kaap. (1)
- 3.3 Slawe wat vrygestel is, moes vir 10 jaar by hul eienaars bly as vakleerlinge. (1)
- 3.4 Inboekselinge is kinders wat gevang is en by Britse gesinne moes bly om te werk. (1)
- 3.5 Die Koranas het beeste, skape, ivoor en karosse op strooptogte gekry en dit weer vir gewere, ammunisie en tabak geruil. (1)
- (5)**  
**(20)**

### **Afdeling B Vaardighede**

**Beantwoord die volgende vrae volledig:**

- 1.1 Verbeel jou jy is 'n Xhosa-persoon wat in 1810 saam met jou familie en julle hele stam in die Oos-Kaap gewoon het. Vertel waarom julle met die Britte in konflik was en wat aanvanklik daartoe gelei het. (4)
- 1.2 Op watter vasteland, behalwe Antarktika, het die Britse Koninkryk geen kolonie gehad nie? (1)
- 1.3 Watter effek het Nongqawuse se profesie op die Xhosa-volk gehad en wat presies het haar profesie behels? (4)
- 1.4 Hoe het Hintsa se lewe tot 'n einde gekom? Hoe voel jy daarvoor? (3)
- 1.5 Om watter redes het sommige Britse Setlaars hulle plase verlaat en na dorpe toe getrek? (2)
- 1.6 Verduidelik die volgende stelling: (2)  
*Sendelinge was baie ongewild by die boere en by die inheemse stamme.*
- 1.7 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg:



- 1.7.1 Watter twee persone ontmoet mekaar in die prent? (2)
- 1.7.2 Waar (watter dorpie) het hierdie ontmoeting plaasgevind? (1)
- 1.7.3 Watter bekende woorde is by die ontmoeting gesê? (1)
- (20)**

### **Afdeling C Langvrae**

1. Verduidelik die oorsake en die gevolge van die Britse oornames van die Kaap in 1795. (6)
2. Bespreek die redes vir die Groot Trek wat in Suid-Afrika plaasgevind het. (4)
- (10)**